

Noordelike Sinode

Taakspan Mentoraat

Verlag aan die SDR-vergadering
van 19 Julie 2019

1. Opdrag

Om weë te soek om mentoraat in die Noordelike Sinode nog verder te bevorder

2. Afhandelingsdatum

Oktober 2019

3. Taakspanlede

Johan van den Heever het die aanvanklike behoeftebepaling gedoen.

Ons het probeer om 'n redelik verteenwoordigende taakspan saam te stel.

Heinrich Carstens; J Z de Jager; Derick du Toit (taakspanleier); Riaan Odendaal;

Anel Pienaar; Fay van Eeden; Pieter Visser; Rinus Wassermann.

Paul Grobler woon by namens die Sinode.

4. Uitvoering van die opdrag

Vir net meer as 'n jaar het die taakspan baie aandag aan hierdie saak gegee en verskeie ondersoeke en kreatiewe pogings geloods om soveel as moontlik kollegas in 'n mentorverhouding te kry. Bitter min sukses is behaal.

Baie kollegas het aangemeld om mentors te wees. Min kollegas wou in 'n "georganiseerde" situasie 'n mentor gehad het.

Ons het 4 keer vergaderings gehou en deurlopend elektronies gekommunikeer. Mettertyd het die taakspan besef dat die formaat om hierdie saak van "bo-af" te bestuur 'n dooie perd is.

5. AANBEVELINGS

By ons vergadering van 17 Mei 2019 het die taakspan tot die volgende gevolgtrekkings gekom wat hiermee aan die SDR voorgelê word:

- **Formele organisering van mentor-verhoudinge werk volgens ons nie.**
- **Mentoraatskap bly 'n baie belangrike saak vir elke predikant.**
- **Ons glo dat "selfsorg" 'n baie belangrike uitgangspunt vir elke predikant behoort te wees.**

6. Slotwoord

- Spontane mentorverhoudings het wel ontstaan in ringe, by slypskole, wegbreke, ens. Sulke verhoudings blyk suksesvol te wees en moet deurlopend aangemoedig word.

- Paul Grobler het 2 versoeke van ons kant af gekry:
 - a. Om die beginsel van selfsorg en die waarde van mentoraat by ringsvergaderings en ander byeenkomste asook in sy gesprekke met kollegas, telkens te beklemtoon.
 - b. Om waar daar spesifieke behoeftes ontstaan, mentorverbintenisse te probeer reël. Die data wat deur die taakspan versamel is en die lede van die taakspan kan hiervoor benut word.
- Met die oog op die sinodesitting van 2020 sal die lede van die taakspan iets voorberei wat kan help met bewusmaking van die potensiaal van mentorskap. Enkele verhale kan bv. gedeel word as getuienis daarvan.
- Die taakspan ontbind dan hiermee en beskou sy opdrag hiermee as afgehandel.